



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING
GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE
KANTORE, PIKETBERG**

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdh. EB Manuel	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdd. SM Crafford	[DA]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh. RM van Rooy	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdl. MA Wessels	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER LEDE VAN DIE RAAD

Rdh. A de Vries - Speaker

AMPTENARE

Adv. H Linde	-	Munisipale Bestuurder
Mnr. JWA Kotzee	-	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr. JA van Niekerk	-	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr. N Rossouw	-	Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend)
Mev. A van Sittert	-	Bestuurder: Strategiese Dienste
Mev. JS Erasmus	-	Interne Ouditeur
Mnr. NJ Scheepers	-	Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste
Mev. RR Fillis	-	Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

BKN041/02/2017

OPENING EN VERWELKOMING

Die Uitvoerende Onderburgemeester open die vergadering met gebed,
waarna die Voorsitter almal verwelkom.

BKN042/02/2017

AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

3/3/1/4

Mnr. H Kröhn – (by PCF vergadering as waarnemende Munisipale
Bestuurder)



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING
GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN043/02/2017

VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)

3/3/1/6

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

BKN044/02/2017

BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2017

3/3/2/2

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 09 Februarie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE
DIENSTE
(RR Fillis)***

BKN045/02/2017

BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 14 FEBRUARIE 2017

3/3/2/2

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 14 Februarie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE
DIENSTE
(AA Somers)***

BKN046/02/2017

VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER

3/3/1/6

Geen

BKN047/02/2017

ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

3/3/1/5

Geen

BKN048/02/2017

MOSIES / VRAE

3/3/1/1, 3/3/1/2

Geen



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING
GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN049/02/2017

DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die Munisipale Bestuurder lig die Burgemeesterskomitee in dat COGTA die gewysigde "upper limits vir Raadslede" op Dinsdag 28 Februarie 2017 aan munisipaliteite sou stuur, maar dat dit nog nie ontvang is nie. Sy onderneem om dit onmiddellik aan die Uitvoerende Burgemeester voor te lê, sodra haar kantoor die dokument ontvang.

KENNIS GENEEM

BKN050/02/2017

**KONSEPBELEID: AFSKEIDFUNKSIES VIR WERKNEMERS VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
4/2/B**

BESLUIT

Dat die item terugverwys word na die volgende vergadering van die Korporatiewe Dienste komitee.

BKN051/02/2017

**OPNEEM VAN EKSTERNE LENINGS
5/14/1/3**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en meld dat die Raad reeds in 2016 by die Begrotingloodskomitee vergadering 'n besluit geneem het om die eksterne lenings op te neem en dat die finansiële prosesse nou gevolg is en voorgelê word vir oorweging.

AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD

Dat die Raad die volgende eksterne lenings ten bedrae van R6 750 000.00 by ABSA Bank opneem vir die gedeeltelike finansiering van sy kapitaaluitgawes vir die 2016/2017 finansiële jaar en wel soos volg:

- 1. R5 970 000.00 oor 10 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaieimente geskied op 30 Junie van elke jaar, en
- 2. R780 000.00 oor 5 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaieimente geskied op 30 Junie van elke jaar.

**DIREKTEUR
KORPORATIEWE
DIENSTE**



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING
GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN052/02/2017

MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)

12/2/3/68

(‘n Vervangende verslag word ter tafel gelê)

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond.

AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD

1. Dat die Raad 'n Voorsitter aanwys vir die *Municipal Public Accounts Committee (MPAC)* vanuit die nie-uitvoerende lede van die Raad;
2. Dat die Raad kennis neem van die nominasies ontvang vanaf die twee politieke partye verteenwoordig in die Raad van Bergrivier soos in par. 5 van die verslag;
3. Dat die aangewese Voorsitter geen addisionele vergoeding ontvang vir die twee vergaderings per jaar nie; en
4. Dat alle ander aspekte van die MPAC dieselfde bly soos goedgekeur deur die Raad in September 2016.

(Voor die In-Komitee bespreking van item 053 verlaat die volgende amptenare om 10:25 die vergadering: Mev. A van Sittert, Mev. JS Erasmus, Mnr. NJ Scheepers en Mev. RR Fillis)

BKN053/02/2017

AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / CFO

4/1/2/5

(Verslag word deur die Munisipale Bestuurder ter tafel gelê).

Die Munisipale Bestuurder gaan breedvoerig deur die verslag en word die aanbevelings eenparig deur die Burgemeesterskomitee gesteun vir besluitneming deur die Raad.

**

BKN054/02/2017

NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME

3/2/1/3

Geen

BKN055/02/2017

NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME

8/1/1

Geen



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING
GEHOU OP DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN056/02/2017

IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD

Geen

BKN057/02/2017

**IN KOMITEE: BESLUTE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN
KENNIS GENEEM IS**

Geen

BKN058/02/2017

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR
OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

BKN059/02/2017

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR
OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:40

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

**VOORSITTER
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

DATUM